

Artium Skolevereniging

Artium Schools

Association



Artium Skolevereniging

Artium Schools Association

HANDLEIDING / MANUAL INHOUD / CONTENTS

- | | | | |
|----|--|---|--------------------------------------|
| A. | Grondwet | Constitution | |
| B. | Algemene Bepalings van ARTIUM Skolevereniging
General Rules of ARTIUM Schools Association | | |
| | | | |
| 1. | Afdeling A | Vokaal
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | Section A
Vocal |
| 2. | Afdeling B | Instrumentaal
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | Section B
Instrumental |
| 3. | Afdeling C | Fotografie
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | Section C
Gr 6 & 7
Photography |
| 4. | Afdeling D | Afrikaanse Drama
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | |
| 5. | Section DE | English Drama
Primary Schools
High Schools | |
| 6. | Afdeling E | Beeldende Kuns
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | Section E
Fine Arts |
| 7. | Afdeling F | Skryfkuns
Laerskole
Hoërskole | |
| 8. | Section FE | Creative Writing
Primary Schools
High Schools | |
| 9. | Afdeling G | Dans
Laerskole / Primary Schools
Hoërskole / High Schools | Section G
Dance |

A. GRONDWET VAN ARTIUM SKOLEVERENIGING

1. NAAM

ARTIUM SKOLEVERENIGING: ASV
ARTIUM SCHOOLS ASSOCIATION: ASA

2. DOELSTELLINGS

Die Vereniging stel hom ten doel om:

- 2.1 die kunste te bevorder;
- 2.2 jong kunstenaars of aspirant-kunstenaars die geleentheid tot openbare optrede te bied en
- 2.3 samewerking te verkry van verenigings en liggame wat bogenoemde doelstellings goedgesind is of 'n verwante doel nastreef.

3. LIDMAATSKAP

- 3.1 As lede word toegelaat alle skole en ateljees wat bostaande doelstellings onderskryf en die vereniging se jaargeld betaal. Geaffilieerde skole is elk geregtig op twee verteenwoordigers en ateljees op een verteenwoordiger op die Algemene Vergadering wat alle voorregte van gewone lede van die Vereniging geniet.
- 3.2 Indien die jaargeld vir die lopende jaar nie op **31 Januarie** betaal is nie, verval lidmaatskap outomaties.
- 3.3 Lidmaatskap moet deur die Bestuur goedgekeur word.

4. DIE ALGEMENE VERGADERING

- 4.1 Die hoogste gesag in sake betreffende die Vereniging berus by die Algemene Vergadering waarop alleenlik lede van die Vereniging stemreg het. 'n Algemene Jaarvergadering word eenmaal in die jaar gehou. Op skriftelike versoek van minstens tien (10) lede van die Vereniging en met vermelding van die onderwerp (e) wat ter sprake sal kom, is die bestuur verplig om 'n Buitengewone Algemene Vergadering te belê, binne vier (4) weke na die versoek.
- 4.2 Die magte en pligte van die Algemene Vergadering is
 - 4.2.1 Die bepaling van die beleid van die Vereniging deur die bespreking en goedkeuring (of andersins) van die verslae oor die Vereniging se werksaamhede.
 - 4.2.2 Die verkiesing van die Bestuur vir die volgende jaar.
- 4.3 'n Kworum van die Algemene Vergadering sal bestaan uit die lede wat teenwoordig is.
- 4.4 Die Algemene Vergadering mag alleenlik na skriftelike kennisgewing gehou word.

5. BESTUUR

- 5.1 Die Algemene Vergadering dra vir die lopende jaar sy bevoegdheid en pligte oor aan die Bestuur.
- 5.2 Die Bestuur bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier, skakelbeampte en organiseerders van die verskillende afdelings. In dringende gevalle kan die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris en/of tesourier optree as Dagbestuur, waarvan die besluite geldig is, onderworpe aan latere bekragtiging deur die Bestuur. Die Bestuur het die reg om addisionele Bestuurslede na gelang van die omstandighede te koöpteer en vakatures te vul.
- 5.3 'n Kworum van die Bestuur bestaan uit minstens twee derdes van die lede van Bestuur wat die voorsitter of ondervoorsitter insluit.
- 5.4 Wysigings van die algemene bepalings vir die beheer van die Vereniging se werksaamhede is onderworpe aan goedkeuring deur die Bestuur.

6. FINANSIES

- 6.1 Die boeke, rekeninge en state van die Vereniging moet aan die einde van die lopende jaar nagesien word deur 'n kundige deur die Bestuur benoem. Die tesourier stel 'n verslag op wat in die jaarverslag van die Bestuur opgeneem word.

- 6.2 Die tesourier is verantwoordelik vir alle gelde wat ten behoeve van die Vereniging ontvang of uitbetaal word. Uitbetalings geskied deur middel van internet bankdienste.

7. ONTBINDING

Indien die Algemene Vergadering, na skriftelike kennisgewing van minstens drie (3) weke aan alle lede, sou besluit om die Vereniging te ontbind, word die bates van die Vereniging gelykop tussen alle geaffilieerde lede van die Vereniging verdeel.

8. HERSIENING

Voorstelle tot wysiging van hierdie Grondwet kan slegs na skriftelike kennisgewing van minstens een week op 'n Algemene Vergadering met 'n twee-derde meerderheid, goedgekeur word.

B. ALGEMENE BEPALINGS VAN ARTIUM SKOLEVERENIGING

1. AFFILIASIE

- 1.1 Alle skole en ateljees wat belangstel om deel te neem, moet geaffilieer wees, met ander woorde moet lede wees.
- 1.2 Geen aansoek om affiliasie sal oorweeg word tensy 'n amptelike affiliasievorm voltooi is nie.
- 1.3 By ontvangs van die aansoek om affiliasie en die jaargeld, sal 'n lys van geaffilieerdes uitgereik word.
- 1.3.1 Affiliasiefooie sal jaarliks deur die Bestuur bepaal word.

2. INSKRYWINGS

- 2.1 Die aantal inskrywings per skool of ateljee per item wissel van afdeling tot afdeling en mag nie oorskry word nie.
- 2.2 Slegs leerders wat aan 'n betrokke inrigting studeer, mag deur daardie inrigting ingeskryf word. Geen volwassenes word toegelaat om deel te neem nie.
- 2.3 Ateljees mag groepe, saamgestel uit leerders van verskillende skole, inskryf.

- 2.4 Inskrywings moet via die skakel/stelsel gedoen word.
- 2.5 Alle inskrywingsgelde moet via internetbetaling gedoen word en bewys moet ge-epos word na artiumkunsfees@gmail.com. Indien daar geen bewys van betaling is nie, sal die inskrywings nie aanvaar word nie.
- 2.6 Inskrywingsgelde word nie terugbetaal nie, behalwe wanneer die Kunsfees nie plaasvind nie.
- 2.7 Die Bestuur het die reg om enige inskrywing te diskwalifiseer.
- 2.8 Inskrywingsgeld word jaarliks deur die Bestuur bepaal.

3. DEELNAME

- 3.1 **Die sillabus en spesifieke reëls vir elke afdeling word jaarliks elektronies aan geaffilieerdes gestuur. Dit moet asseblief goed bestudeer word.**
- 3.2 Leerders mag nie onder meer as een graad deelneem nie, groepitems uitgesluit.
- 3.3 'n Deelnemer mag slegs eenmaal aan 'n bepaalde item deelneem, maar mag aan soveel items deelneem as waarvoor hy/sy kwalifiseer.
- 3.4 'n Spesifieke deelnemer of groep mag 'n spesifieke stuk slegs een maal gebruik – herhaling daarvan sal lei tot diskwalifikasie.
- 3.5 Deelnemers moet stiptelik betyds wees vir optrede. Sorg asseblief dat u minstens 10 minute voor die tyd gereed is.
- 3.6 Deelnemers wat nie betyds opdaag nie, mag gediskwalifiseer word.
- 3.7 Tydsbeperkings mag nie oorskry word nie.
- 3.8 Die finale beslissings oor deelname berus by die Bestuur.
- 3.9 Die deelnemer moet in die spesifieke tydgleuf soos op die program aangedui, deelneem om in aanmerking te kom vir die spesifieke afdeling se trofee.

4. BEOORDELING

- 4.1 **Die beslissing van die beoordelaars in alle items is finaal en geen deelnemer of belanghebbende persoon mag deur woord of daad die beslissing van die beoordelaar probeer beïnvloed nie.**
- 4.2 Enige klagtes moet met organiseerder opgevolg word en binne 24 uur per epos aan artiumkunsfees@gmail.com gestuur word.
- 4.3 Bepaling van trofeeënwinners:

Afdeling A: Vokaal

Die afdelingswenner moet aan minstens drie verskillende items deelneem, waarvan een 'n individuele item moet wees. Die leerder se drie hoogste persentasies se gemiddeld word in berekening gebring.

Afdeling B: Instrumentaal

Die afdelingswenner moet aan minstens drie verskillende items deelneem. Die leerder se drie hoogste persentasies se gemiddeld word in berekening gebring.

Afdeling C: Fotografie

Die afdelingswenner word bepaal deur die leerder wat die hoogste punt behaal.

Afdeling D en DE: Afrikaans en Engels Drama

Die afdelingswenner moet aan minstens drie verskillende items deelneem, waarvan twee individuele items moet wees. Die leerder se drie hoogste persentasies se gemiddeld word in berekening gebring.

Afdeling E: Kuns

Die leerder wie se kunswerk die hoogste punt behaal, kwalifiseer as die afdelingswenner.

Afdeling F en FE: Afrikaans en Engelse Skryfkuns

Die afdelingswenner moet aan twee items deelneem waarvan een item onder gekontroleerde omstandighede moet wees. Die item onder gekontroleerde omstandighede tel dan 70%

Afdeling G: Dans

Die afdelingswenner moet aan drie verskillende dansgenres deelneem, waarvan slegs een 'n groepitem (2 - 8 deelnemers) mag wees.

Victor en Victrix Artium

Die wenner word bepaal deur die gemiddelde persentasie van die hoogste prestasie in drie verskillende afdelings, bv. drama, skryfkuns, vokaal.

Bestuurstrofee

Die wenner van hierdie trofee word bepaal deur die Victor of Victrix Artium wat die hoogste persentasie behaal het. (Groep items 5 – 8 deelnemers tel ook vir individuele deelnemers.)

5. SERTIFIKATE

- 5.1 'n Diploma is ontwerp om as hoogste toekenning van die Vereniging te dien. Hierdie diploma sal toegeken word aan die deelnemers wat meer as 90% verwerf het.
- 5.2 Die sertifikate word soos volg uitgereik:
80% - 89% - goue serfifikaat.
70% - 79% - silwer sertifikaat.
60% - 69% -sertifikaat van verdienste.
Geen toekennings word gemaak aan 'n punt laer as 60% nie.
- 5.3 Sertifikate sal so gou moontlik na afloop van 'n item/afdeling uitgedeel word.
- 5.4 Geen deelnemer se naam of van sal op die sertifikaat verander word nie, tensy 'n afskrif van die inskrywingsvorm waarop die deelnemer se naam korrek gespel is, getoon kan word nie.

6. FEESKONSERT

- 6.1 'n Feeskonsert mag deur die Bestuur gehou word.
- 6.2 Enige deelnemer aan die Kunsfees (nie noodwendig 'n wenner nie) mag deur die Bestuur genooi word om in die Feeskonsert op te tree.
- 6.3 Die beslissing van die Bestuur in verband met uitnodiging tot optrede in die Feeskonserte is finaal.
- 6.4 Die ontvanger van 'n trofee móét 'n item lewer tydens die konsert.

7. DATUMS

Sluitingsdatums vir inskrywings word elke jaar aangepas by die skoolkalender van daardie jaar.

8. WYSIGINGS

Die voorafgaande is die breë beplanning van die organisasie van Artium Skolevereniging. Waar omstandighede dit vereis, het die Bestuur die reg om veranderings aan te bring. Sulke wysigings, asook alle verdere reëlings, sal aan alle belanghebbendes per omsendbrief/epos bekend gemaak word.

A **CONSTITUTION OF ARTIUM SCHOOL ASSOCIATION**

1. NAME

ARTIUM SKOLEVERENIGING: ASV
ARTIUM SCHOOLS ASSOCIATION: ASA

2. AIMS

The aims of the Association are:

- 2.1 to promote the arts;
- 2.2 to provide young or aspiring artists the opportunity of performing in public, and
- 2.3 to co-operate with societies and bodies sympathetic towards above mentioned aims and by which cognate aims are pursued.

3. MEMBERSHIP

- 3.1 All schools and studios who endorse the above mentioned aims, may be admitted as members, subject to the payment of fees set by the Association. Affiliated Schools may each have two representatives, and studios may each have one representative at the General Meeting, and they will enjoy the privileges of the ordinary members of the Association.
- 3.2 Membership will be terminated automatically if fees are not paid before or on **31 January**.
- 3.3 Membership is subject to approval by the Management.

4. THE GENERAL MEETING

- 4.1 The supreme authority, regarding matters pertaining to the Association rests with the General Meeting, which include all affiliated members. One General Meeting is held annually. An extraordinary General Meeting will be held only on receipt of written application by at least 10 (ten) members of the Association. The topic(s) requiring attention must clearly be stated in the application, where upon a meeting will be held within four weeks from the date of receipt.

- 4.2 The authority and obligations of the General Meeting are:
 - 4.2.1 to determine the policy of the Association by discussion, approval or otherwise, of the reports on the activities of the Association.
 - 4.2.2 to elect the members of the Management for the year following.
- 4.3 A quorum needed by the General Meeting will consist of the members present at the meeting.
- 4.4 A General Meeting may only be held after written notice has been given to all members.

5. MANAGEMENT

- 5.1 The competencies as well as the duties of the General Meeting, are, for the current year, delegated to the Management.
- 5.2 The Management consists of a chairman, vice-chairman, secretary, treasurer, liaison officer and heads of the different sections. In an emergency the chairman, vice-chairman, secretary and /or the treasurer may act as the executive committee – its decisions will be binding, subject to the next AGM. The management can co-opt additional members and decide on the filling of vacancies.
- 5.3 A quorum will consist of at least two-thirds of the members of the Board, and must include the chairman or vice-chairman.
- 5.4 Amendments to the general rules concerning the administration of the activities of the Association is subject to the approval of the Management.

6. FINANCES

- 6.1 At the end of each current year, the books, accounts and statements of the Association must be audited by a person nominated by the Management.
- 6.2 The treasurer is responsible for any money received or disbursed. Disbursements are to be paid via internet banking.

7. CESSATION

If the General Meeting should, after general notice has been given to all members at least 3 weeks in advance, decide on the cessation of the Association, all assets will be divided equally between all affiliated members of the Associatio

8. REVISION

Suggestions regarding amendments to the constitution will only be approved by the majority of two-thirds at a General Meeting, after written notice has been given at least one week before the date on which the meeting is to be held.

B. GENERAL RULES OF ARTIUM SCHOOLS ASSOCIATION

1. AFFILIATION

- 1.1 All schools and studios wishing to participate must be affiliated to the association.
- 1.2 No applications for affiliation will be considered unless an affiliation form is duly completed.
- 1.3 On receipt of application for affiliation and fees, a list will be circulated with the names of all the affiliates.
 - 1.3.1 Affiliation fees will be set by the Management annually.

2. ENTRIES

- 2.1 The number of entries per item may vary and must not be exceeded.
- 2.2 Learners may only be entered by the school or studio where they study. Adults are not allowed to enter.
- 2.3 Studios may enter groups consisting of learners from different schools.
- 2.4 Entries must be submitted via the link/system.
- 2.5 All entry fees must be paid via internet banking and proof must be emailed to artiumkunsfees@gmail.com. If no proof of payment has been received, no entries will be accepted.
- 2.6 Entry fees will not be refunded except when Artium Arts Festival has been cancelled.
- 2.7 The Management reserves the right to not accept an entry.
- 2.8 The Management will annually decide on the entry fees.

3. PARTICIPATION

- 3.1 **Yearly the syllabus and specific rules for each section will be sent electronically to all affiliated. Please take note of specifications.**
- 3.2 Learners may not participate in items for more than one grade, except in group items.
- 3.3 A learner may participate only once in a specific item, but may participate in as many items as for which he/she qualifies.
- 3.4 A specific learner or group are only allowed to use a specific piece once, repetition will lead to disqualification.
- 3.5 Learners must arrive promptly on time for their item(s) and must be ready at least ten minutes before the time.
- 3.6 Learners who do not arrive on time, may be disqualified.
- 3.7 Time limits must strictly be adhered to.
- 3.8 Final decisions concerning participation rest with the Management.
- 3.9 A learner must participate in the specified time slot as indicated on the programme to be taken into consideration for the awarding of the trophy in that specific section.

4. ADJUDICATION

- 4.1 **The decision of the adjudicator will, at all times, be final, and no participant nor any other person may, through any means, try to influence the decisions of the adjudicator.**
- 4.2 Any complaint must be discussed with the organizer and emailed to artiumkunsfees@gmail.com within 24 hours.
- 4.3 Awarding of trophies:

Section A: Vocal

The winner of this section must take part in at least 3 different items of which one must be an individual item. The average percentage of the participant's three best items will be considered.

Section B: Instrumental

The winner of this section must take part in at least 3 different items. The average of the three highest marks will be calculated.

Section C : Photography

The winner of the section is the learner that obtained the highest mark with his/her photograph.

Section D and DE: Afrikaans and English Drama

The winner of this section must take part in at least 3 different items of which two must be individual items. The average percentage of participant's three best items will be considered.

Section E: Art

The learner with the art work with the highest mark will qualify as section winner.

Section F and FE: Skryfkuns and Creative Writing

The winner of this section must take part in at least 2 items, one which must be written under controlled circumstances. The item written in controlled circumstances, will be counting 70%.

Section G: Dance

The winner of this section must take part in 3 or more dance genres, where only 1 item may be a group item (2 – 8 candidates).

Victor and Victrix Artium

The winners will be the participants with the best average in three different sections.

Management Trophies

The winners will be the Victrix or Victor Artium with the highest average.

5. CERTIFICATES

- 5.1 A diploma has been designed to serve as the highest award issued by the Association. Such a diploma will be awarded for work adjudged to be 90% and higher.

- 5.2 Participants will receive the following certificates: If the learners have merited:
80% - 89% gold certificate
70% - 79% silver certificate
60% – 69% certificate of merit
No certificate will be awarded for mark less than 60%.
- 5.3 Certificates will be issued as soon as possible after each item/section.
- 5.4 If a participant's name and or surname is misspelt on a certificate, it will only be altered on submission of the entry form on which the name / surname must be spelt correctly.

6. FESTIVAL CONCERTS

- 6.1 The Management will have the final decision on whether there will be a festival concert.
- 6.2 Any participant in the competition (not necessarily a winner) may be invited to participate in the festival concert.
- 6.3 The decisions of the Management concerning invitations to participate in the festival concerts are final.
- 6.4 The winner of a trophy must take part in an item during the concert.

7. DATES

Closing dates for entries vary annually according to the school calendar for the year.

8. AMENDMENTS

The preceding stipulations serve as a broad outline for the planning of the organization of Artium Schools Association. The Management reserves the right to affect changes where circumstances may so require. Such changes, as well as further arrangements, will be communicated by circular/email to those concerned.